# MEDIA
## 'n Stem vir Jesus

***Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser.***
**(Psalm 19:15)**



# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 28 Julie – 3 Augustus 2025

Ons nooi jou uit om by ons aan te sluit terwyl ons bid oor verskillende sosialemediaplatforms om Jesus te verheerlik en 'n stem vir Hom te wees.

Sosiale media is 'n kragtige hulpmiddel, maar ook 'n slagveld vir ons harte en gedagtes, veral van ons jeug. Kom ons bid dat elke platform 'n plek word waar Jesus verheerlik word, waarheid verkondig word en identiteit in Hom gewortel is, nie in beeld, gewildheid of vlugtige neigings nie.

---

**MAANDAG 28 JULIE 2025**
**LEER EN INSPIREER**
*"Alles is geoorloof. Ja, maar nie alles is heilsaam nie…."* (1 Korintiërs 10:23).

*YouTube word deur 90–95% van tieners gebruik, met 73% wat daagliks toegang daartoe het.*
YouTube se eindelose inhoud kan tydrowende sinnelose blaai, geestelike apatie en blootstelling aan skadelike inhoud, sonder onderskeiding, veroorsaak.

**Kom ons bid**
- Vra die Here om jou te help om wysheid bo vermaak te prioritiseer.
- Bid dat die Here die oë van die jeug teen goddelose inhoud en hulle harte teen afleiding sal beskerm.
- Vra die Here om goddelike jongmense op te rig **wie ander sal onderrig en inspireer tot Sy eer**.

**Verklaar oor die jeug:** Julle sal julle gedagtes rig op wat daar bo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie en julle eers vir die Koninkryk van God beywer (Kolossense 3:2; Matteus 6:33).

---

**DINSDAG 29 JULIE 2025**
**VERKONDIG SY WAARHEID**
*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe…* (Romeine 12:2).

*TikTok word deur ongeveer 60–70% van tieners gebruik.*
TikTok se gewilde tendense bevorder dikwels trots en kompromie. Jongmense voel onder druk om die tendense te volg vir 'likes', selfs wanneer dit Christelike waardes teëstaan.

**Kom ons bid**

- Vra die Vader om jou vrymoedigheid te gee om goddelose tendense te weerstaan.
- Bid dat die Heilige Gees die jeug sal toerus om met geregtigheid en kreatiwiteit te lei wat Hom sal eer bring.
- Vra die Here se hulp dat die jeug sosialemediaplatforms sal gebruik **om Sy waarheid te verkondig** en nie om by kultuur aan te pas nie.

**Verklaar oor die jeug:** Julle sal die woord verkondig! Wees gereed in seisoen *en* buite seisoen. Oortuig, bestraf, vermaan met alle lankmoedigheid en lering (2 Timoteus 4:2).

---

**WOENSDAG 30 JULIE 2025**
**WEERSPIEËL GODSALIGHEID**

*Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie… Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie… die Here kyk na die innerlike* (1 Samuel 16:7).

*Instagram word deur 60% van tieners gebruik.*
Instagram bevorder beeld- en leefstylperfeksie, wat daartoe lei dat jongmense hulself vergelyk met ander, wat onsekerheid, afguns en 'n verwronge identiteitsgevoel aanwakker.

**Kom ons bid**

- Vra die Here om jou te beskerm teen vergelyking en onsekerheid wat veroorsaak word deur saamgestelde beelde.
- Bid dat die Here jongmense sal help om hul identiteit in Hom te vind, nie in 'likes' of aanlyn gewildheid nie.
- Vra Hom om beïnvloeders op te rig wat **godsaligheid en innerlike skoonheid weerspieël.**

**Verklaar oor die jeug:** In alles sal julle vir ander 'n voorbeeld stel van goeie werk, suiwerheid in die leer en waardigheid in gedrag (Titus 2:7).

---

**DONDERDAG 31 JULIE 2025**
**AANSPREEKLIKHEID EN WAARHEID**

*Daar is niks geheim wat nie openbaar sal word nie, of weggesteek wat nie bekend sal word en aan die lig sal kom nie.* (Lukas 8:17).

*Snapchat word deur ongeveer 55–60% van tieners gebruik.*
Snapchat se verdwynende boodskappe kan riskante gedrag bevorder, wat jongmense vry laat voel om onvanpaste inhoud te deel sonder 'n vrees vir gevolge.

**Kom ons bid**

- Vra God om jou te help om in integriteit te wandel, selfs wanneer jy dink niemand sien nie.
- Bid dat die Here enige geheime sonde sal blootlê, genees en die jeug in Sy lig sal inlei.
- Vra die Here dat **aanspreeklikheid en waarheid** in die lewens van jongmense beter geag sal word as geheimhouding en skaamte.

**Verklaar oor die jeug:** Julle sal leef as mense van die lig, want uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is (Efesiërs 5:8-9).

---

**VRYDAG 1 AUGUSTUS 2025**
**VERKONDIG DIE EVANGELIE**
*Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is...* (Efesiërs 4:29).

*Facebook-gebruik onder tieners is onder 32%.*
Facebook se groepplasings en opmerkings word dikwels teelaarde vir verdeeldheid, skinder of trotse argumente. Verkeerde inligting versprei vinnig en skep geestelike verwarring en verhoudingstwis.

**Kom ons bid**
- Vra die Vader om jou te help om aanlyn die waarheid met genade te praat.
- Bid vir Hom om die harte van die jeug te bewaar teen aanstoot, trots en verdelende praatjies.
- Vra dat die Heilige Gees harte sal roer om sosialemediaplatforms te gebruik om **die Evangelie te deel**, nie om konflik te versprei nie.

**Verkondig oor die jeug:** Julle sal dan na al die nasies toe gaan en hulle Sy dissipels, hulle doop en hulle leer om alles te onderhou wat Christus beveel het (Matteus 28:19-20).

---

**SATERDAG 2 AUGUSTUS 2025**
**BOU GEMEENSKAP EN GELOOF**
*Die woorde van die regverdige bring lewe en geluk...* (Spreuke 10:11).

*WhatsApp word deur 23–25% van tieners gebruik.*
WhatsApp, hoewel nuttig vir kommunikasie, word dikwels gebruik vir geheime geselsies of die aanstuur van skadelike inhoud. Wat in private boodskappe versteek is, kan lei tot skinderpraatjies, versoekings of ongemonitorde gedrag.

**Kom ons bid**
- Vra die Vader dat elke boodskap wat deur jou gestuur word, met genade en waarheid gevul sal wees.
- Bid dat die Here jongmense sal bewaar teen geheime sondes of onvanpaste gesprekke.
- Vra die Here om hulle te help om boodskap toepassings ('apps') te gebruik om **gemeenskap en geloof te bou**, en nie vir geheimhouding en skinder nie.

**Verklaar oor die jeug:** Julle sal na mekaar omsien en mekaar aanspoor tot liefde en goeie dade... en mekaar aanmoedig... (Hebreërs 10:24-25).

---

**SONDAG 3 AUGUSTUS 2025**
**KREATIWITEIT OM HOM TE VERHEERLIK**
*Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het.* (1 Timoteus 6:6).

*Tumblr en Pinterest is groeiende nisplatforms, met Gen Z wat 50% van Tumblr-gebruikers uitmaak en groeiende Pinterest-gebruik.*
Tumblr deel kuns, poësie en skryfwerk. Pinterest bevorder 'n ideale lewenstyl en liggame, wat die jeug dikwels lei tot onrealistiese verwagtinge, materialisme en ontevredenheid met hul seëninge.

**Kom ons bid**
- Vra die Here om jou te leer om tevrede te wees met wat Hy vir jou gegee het.
- Bid dat die Here die jeug sal help om die versoeking te weerstaan om volmaaktheid te verafgod.
- Bid dat hulle **kreatiwiteit Hom sal verheerlik** en nie afguns of ontevredenheid sal aanwakker nie.

**Verklaar oor die jeug:** Julle sal julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader in die hemel verheerlik (Matteus 5:16).

---